

VOORUITSKOING

WIPPLANKRIT WAG OP ROOIVLEISBOERE

DIE situasie waarin die rooivleisbedryf hom tans bevind, herinner sterk aan die flik *The Perfect Storm*. Net soos die bemanning op die boot in die flik, stuur die bedryf in Suid-Afrika op 'n kategorie 5-storm af.

Die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) en kenners is dit eens dat die voort-slepende droogte, die uitbreking van bek-en-klouseer en die hoë prys van mielies tot die situasie bydra.

Volgens mnr. Gerhard Schutte, hoofbestuurder van die RPO, is van die voorspellings vir die jaar dat die rand sal versterk teenoor die dollar, maar in die maande ná die verkiesing kan onstuimige toestande verwag word. Boonop word die begrotingsrede op 20 Februarie gelewer.

“Inflasie is redelik onder beheer en in pas met die Suid-Afrikaanse Reserwebank se mikpunt van 6%. Na verwagting sal die rentekoers vanjaar redelik stabiel bly.

“Die grootste risiko’s vir groot ondernemings is klimaatsverandering en natuurrampe.”

MIELIES

Die prys van mielies het op 'n jaargrondslag met 40% gestyg. As Suid-Afrika se oes kleiner as te wagte is, sal geel mielies ingevoer moet word. Geel mielies sal na die binneland gestuur moet word om in die behoefte van voerkrale te voorsien. In die afgelope twee jaar is daar meer wit mielies as geel mielies geproduseer en was daar 'n surplus van wit mielies in die land.

Suid-Afrika het verlede jaar geel mielies uitgevoer en 2 miljoen ton wit mielies is in die veevoermark verbruik. Vanjaar lyk die prentjie ietwat anders.

“Suid-Afrika voer geel mielies in en die 2 miljoen ton wit mielies wat verlede jaar in die veevoermark verbruik is, kan nie meer vir veevoer gebruik word nie. Dit beteken die verbruik van geel mielies gaan vanjaar met 2 miljoen ton toeneem. Die wydverspreide reën wat begin Februarie geval het, kan die prentjie verander, maar slegs die tyd sal leer,” sê Schutte.

ROOIVLEIS

Rooivleisboere is begin vanjaar onkant betrap met faktore soos die droogte, hoër mieliepryse en veesiektes, sê Schutte

Boonop was 2018 'n moeilike jaar. Einde

verlede jaar het die bees- en lamkarkaspryse sywaarts beweeg en selfs gedaal. Die verwagte prysstygings in die feestyd het nie gerealiseer nie. Die droogte in die grootste deel van die sentrale en westelike deel van die land veroorsaak dat die mielie- en voerpryse styg.

Daar was 'n redelike toename in die voerkraal-staangetalle in die tweede helfte van verlede jaar, met 'n toename in diere wat teen laer pryse geslag is. Aantelwee is uitgeslag, en weens die droogte is baie min of geen vervangingsdiere teruggehou. Daarmee saam was boere in sommige gevalle genoodsaak om diere wat nog nie slaggereed was nie, te laat slag.

Die uitbreking van bek-en-klouseer het daartoe gelei dat sommige lande nie meer vleis en ander diereprodukte uit Suid-Afrika invoer nie. Die vleis wat nou deur die plaaslike mark opgeneem moet word, gaan verdere druk op produsentepryse plaas. Boonop bring die fel droogte mee dat vanjaar se kuddeboufasie weens die gebrek aan voldoende weiding kan sloer.

Die verwagte invoer van geel mielies en voerpryse wat met tot 30% kan styg vergeleke met verlede jaar, plaas afwaartse druk op speenkalfpryse.

Gesamentlik maak die impak van dié faktore op die rooivleisbedryf dit byna onmoontlik om prysneigings te voorspel. Geskiedkundig was daar nog nie vantevore 'n afname in die gemiddelde rooivleispryse van een jaar na die volgende nie. Verlede jaar was die speenkalf- en lamprys onderskeidelik 7% en 14% hoër as in 2017. Beeskarkasse van klas A2 was 2% duurder, terwyl lamkarkasse van klas A1 1% duurder was. 'n Hoër vleisaanbod en 'n stabiele verbruikersvraag en hoër voerpryse sal pryse onder druk plaas.

Die voorspelling is dat die gemiddelde prys vir spendiere vanjaar net effens laer sal wees as verlede jaar. Na verwagting sal dieselfde neiging by karkaspryse gesien word.

Boere word aangemoedig alle faktore in aanmerking te neem en 'n aksieplan vir moontlike scenario's op te stel. Sodoende kan daar vinnig gereageer en van rigting verander word indien nodig, sê Schutte.



Die gemiddelde prys vir spendiere kan vanjaar net effens laer wees as verlede jaar, terwyl dieselfde neiging by karkaspryse gesien behoort te word, meen die RPO.

FOTO: LBW-ARGIEF

DIE VERBRUIKER

Die verbruikersvraag hang grootliks af van die verbruiker se besteebare inkomste en die prys van produkte. Verbruikersbesteding is te midde van die huidige swak ekonomie onder druk, en dus kan verbruikers nie skerp prysstygings bekostig nie. Dit het tot gevolg dat 'n tydelike prysplafon geskep is.

Die uitbreking van listeriose verlede jaar het tot 'n skerp daling in die prys van vark-vleis gelei. Varkvleis het dus 'n baie bekostigbare plaasvervanger vir rooivleis geword. Hoendervleis bly steeds die verbruiker se eerste keuse omdat dit so goedkoop is.

'n Sterker rand kan daartoe lei dat die prys van ingevoerde hoendervleis nog laer gaan wees indien invoertariewe nie ingestel word nie. 'n Rentekoersverhoging word gebruik om hoër inflasie te keer, maar dit veroorsaak dat verbruikers se besteebare inkomste minder is.

REÛN

Die wydverspreide reën begin Februarie en die voorspelling dat nog reën verwag kan word, kan die landbouprentjie egter 'n ander kleur gee. Daar is reeds veranderinge in die mieliepryse waargeneem en daar is 'n sterk moontlikheid dat produsentepryse kan draai.

Schutte sê die prys van vleis en speenkalfers het reeds goed herstel ná die uitbreking van bek-en-klouseer en die wydverspreide goeie reën, wat baie bemoedigend is. **LBW**



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. 012 349 1102. E-POS: rpo@fantic.net. WEBWERF: www.rpo.co.za.